# FILÉMON

Nuwe
Testament

Briewe

Boek 15

## Die Ou Testament

**Wet**

Boek 1: Genesis
Boek 2: Eksodus
Boek 3: Levitikus
Boek 4: Numeri
Boek 5: Deuteronomium

**Geskiedenis**

Boek 6: Josua
Boek 7: Rigters
Boek 8: Rut
Boek 9: Samuel, 1 & 2
Boek10: Konings, 1 & 2
Boek 11: Kronieke1 & 2
Boek 12: Esra
Boek 13: Nehemia
Boek 14: Ester

**Wysheid en Poësie**

Boek 15: Job
Boek 16: Psalms
Boek 17: Spreuke
Boek 18: Prediker
Boek 19 Hooglied

**Groot Profete**

Boek 20: Jesaja
Boek 21: Jeremia
Boek 22 Klaagliedere
Boek 23: Esegiël
Boek 24: Daniël

**Klein Profete**

Boek 25: Hosea
Boek 26: Joël
Boek 27: Amos
Boek 28: Obadja
Boek 29: Jona
Boek 30: Miga
Boek 31: Nahum
Boek 32: Habakuk
Boek 33: Sefanja
Boek 34: Haggai
Boek 35: Sagaria
Boek 36: Maleagi

## Die Nuwe Testament

**Evangelies**

Boek 1: Matthéüs
Boek 2: Markus
Boek 3: Lukas
Boek 4 Johannes

**Geskiedenis**

Boek 5: Handelinge.

**Briewe**

Boek 6: Romeine
Boek 7: Korintiërs 1&2
Boek 8: Galasiërs
Boek 9: Efesiërs
Boek 10: Filippense
Boek 11: Kolossense
Boek 12:  Tessalonisense 1 & 2
Boek 13: Timoteus 1&2
Boek 14: Titus
Boek 15: Filemon
Boek 16: Hebreërs
Boek 17: Jakobus,
Boek 18: Petrus 1&2
Boek 19: Johannes 1&2&3
Boek 21: Judas

**Apokalips**

Boek 22: Openbaring

# DIE BRIEF VAN DIE APOSTEL PAULUS AAN

## FILÉMON

**PAULUS**, ’n gevangene van Christus Jesus, en die broeder Timótheüs, aan Filémon, die geliefde en ons mede-arbeider, en aan Áppia, die geliefde suster, en aan Archíppus, ons medestryder, en aan die gemeente wat in jou huis is: Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus! Ek dank my God altyd wanneer ek aan jou in my gebede dink, omdat ek van jou liefde en geloof hoor, wat jy met betrekking tot die Here Jesus en al die heiliges het, dat die gemeenskap van jou geloof kragtig mag word deur die kennis van alles wat goed in julle is, tot eer van Christus Jesus. Want ons het groot blydskap en troos oor jou liefde, omdat deur jou, broeder, die harte van die heiliges verkwik is.

**DAAROM**, al het ek baie vrymoedigheid in Christus om jou te beveel wat betaamlik is, pleit ek liewer ter wille van die liefde. Ek, Paulus, as ’n ou man en nou ook ’n gevangene van Jesus Christus, pleit by jou vir my kind, Onésimus, wat ek verwek het in my boeie, wat vroeër vir jou nutteloos was, maar nou baie nuttig vir jou en vir my. Ek stuur hom terug; maar neem jy hom, dit is my eie hart, aan. Ek wou hom by my hou, sodat hy my in die boeie van die evangelie in jou plek kan dien. Maar sonder jou goedkeuring wou ek niks doen nie, sodat jou goedheid nie uit dwang sou wees nie, maar uit vrye keuse. Want miskien is hy om hierdie rede ’n tydjie van jou geskei, dat jy hom vir altyd kan besit, nie meer as ’n slaaf nie, maar méér as ’n slaaf, as ’n geliefde broeder in die vlees sowel as in die Here, veral vir my, hoeveel te meer vir jou. As jy my dan vir ’n metgesel hou, neem hom aan net soos vir my. En as hy jou benadeel het of iets skuld, sit dit op mý rekening ek, Paulus, het dit met my eie hand geskrywe: ek sal betaal—om nie te sê jou rekening nie, want jy is daarby jou eie persoon ook aan my verskuldig. Ja, broeder, mag ek tog van jou voordeel trek in die Here! Verkwik my hart in die Here. In vertroue op jou gehoorsaamheid het ek aan jou geskrywe, omdat ek weet dat jy nog meer sal doen as wat ek sê.

**EN** berei tegelykertyd ook herberg vir my, want ek hoop dat ek op julle gebede aan julle sal geskenk word. Épafras, my medegevangene in Christus Jesus, groet jou; ook Markus, Aristárchus, Demas en Lukas, my mede-arbeiders. Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle gees! Amen.